BELEID: AFKNOUERY EN TEISTERING
(Boelie)

I N H O U D S O P G A W E

	Bladsy
1. Doel	2
2. Definisie	2
3. Tipes boelie	3
4. Boelie	3
5. Voorkomingsmaatreëls	3
6. Die personeel sal	3
7. Die leerlinge sal	4
8. Ouers moet / sal	4
9. Aard en omvang van leerlinge se gedrag	4
10. Redes en gevolge van boelie	4
11. Die rol van die onderwyser	5
12. Onderwysers wat leerlinge viktimiseer	5
13. Strategieë om boelie aan te spreek	5
16. Samevatting .	6
17. Bronverwysings	6
Kennisname van beleid	7
Aanmeldingsvorm van boelie (voltooi deur onderwyser)	8

1. DOEL

1.1 Om die skool se gedragskode, ander skoolreëls, beleide en programme te ondersteun om sodoende 'n veilige en vriendelike omgewing vir alle leerlinge te skep, sodat hulle in 'n ontspanne en veilige atmosfeer leeronderrig kan ontvang.

1.2 Om ' n klimaat te skep waarin leerlinge ingelig is, sodat hulle alle vorme van afknouery en teistering (boeliegedrag) aanmeld.

1.3 Om leerlinge en ouers te verseker dat Uitkoms Akademie hulle sal ondersteun wanneer 'n persoon
afknouery / teistering (boeliegedrag) aanmeld.

1.4 Om afknouery en teistering (boeliegedrag) van enige aard deurlopend en effektief met 'n benadering van "geen verdraagsaamheid" te hanteer.

1.5 Om te verseker dat leerlinge, ouers en personeel ten volle ingelig is oor die afknoueryen teisteringbeleid.

1.6 Om alle personeel en ouers bewus te maak van hul rol in die vestiging van kennis en opvatting wat respek bevorder, asook die ontmoediging van opvattings en praktyke wat bydra tot afknouery, lae selfbeeld en -vertroue.

2. DEFINISIE

Afknouery en teistering (hierna genoem "boelie" of "boeliegedrag")is herhaalde aggressiewe, vernederende gedrag deur 'n individu of groep leerlinge teenoor mekaar - psigologies of fisies.
Boelie is wanneer mede-leerlinge 'n ander leerling herhaaldelik oor 'n tydperk viktimiseer, by wyse van afknou wat tot 'n besering mag lei of 'n verbale aanslag wat emosionele letsels tot gevolg het. Die proses is nie toevallig nie en deeglike beplanning kenmerk die proses.
Geïsoleerde voorvalle van aggressiewe gedrag is nie noodwendig boleie nie. Indien die gedrag gereeld voorkom en die patroon voortduur, sal Uitkoms Akademie dit as boelie beskou.
Teister: verbaal, seksueel of deur middel van gebaretaal
Afknou: fisies

2.1 Voorbeelde van fisiese aanvalle: slaan, byt, skop, gooi met voorwerpe, rondstamp en spoeg.
2.2 Voorbeelde van verbale aanvalle: noem van byname, terg, neerhalende opmerkings, skoorsoek en dreig.

Teister vind plaas via selfoontegnologie of sosiale netwerke - tussen leerlinge onderling of tussen leerlinge en onderwysers.

3. TIPES BOELIE

3.1 Fisiese aggressie:
3.1.1 afpers
3.1.2 intimidasie
3.1.3 beledigende telefoonoproepe / boodskappe of aanmerkings
3.1.4 isolasie of uitsluiting
3.1.5 noem van name
3.1.6 viktimisasie
3.1.7 afknou en teister van personeel
3.1.8 afknou en teister deur personeel
3.1.9 afknou en teister deur ouers

4. BOELIE

Boelie sluit in:

4.1 emosioneel: uitsluiting, marteling, invloed van ander om nie van iemand te hou nie, om iemand belaglik te maak en om iemand te probeer domineer

4.2 fisiek: stamp, skop, klap, vuisslaan, vandalisme of enige ander gebruik van geweld

4.3 rassisties: rassistiese aanmerkings, graffiti of gebare

4.4 seksueel: ongewensde liggaamlike kontak en seksueel-afbrekende aanmerkings

4.5 verbaal: noem van by- of skeldname, negatiewe opmerkings, sarkasme, verspreiding van stories, tergery, spottery, vuil taalgebruik en dreigemente

4.6 kuber: hou verband met die misbruik van internet, e-pos, selfoon en misbruik van enige ander tegnologie

4.7 sosiaal: om die slagoffer doelbewus uit te sluit van sosiale aktiwiteite

5. VOORKOMINGSMAATREëLS

Uitkoms Akademie sal alle gevalle van boelie rapporteer. Sien aangehegte vorms

6. DIE PERSONEEL SAL:

6.1 tydens skoolaktiwiteite opsigtelik toesig hou

6.2 betyds by klaskamer opdaag vir onderrig

6.3 navolgenswaardige gedrag binne en buite die klaskamer openbaar

6.4 leerlinge inlig oor die verwagte standaard vir gedrag in die skool en klasreëls aan die leerlinge voorhou

6.5 oplet vir enige tekens wat verband mag hou met boelie

6.6 alle aangemelde insidente ondersoek

6.7 aanmelding dokumenteer (sien aangehegte vorm)

6.8 slagoffers ondersteun en hulp verleen om soortgelyke voorvalle te probeer voorkom

6.9 insidente aan die ouers rapporteer

7. LEERLINGE SAL:

7.1 weier om betrokke te raak by enige gedrag aktiwiteit wat hulle skuldig maak aan boelie
7.2 alle insidente of vermoedelike insidente aan onderwysers rapporteer

8. OUERS MOET / SAL:

8.1 bewus wees van enige tekens van ongelukkigheid in hul kind(ers) wat verband mag hou met boelie
8.2 belangstel in hulle kind(ers) se dag tot dag lewe
8.3 belangstel in en bewus wees van hul kind se sosiale lewe
8.4 die skool inlig indien daar enige vermoede is van boelie teen kind(ers)
8.5 daarvan weerhou om hulle kind(ers) te leer om vergeldend op te tree
8.6 optree teen hulle eie kind(ers) indien hulle skuldig is aan boeliegedrag

9. AARD EN OMVANG VAN LEERLINGE SE GEDRAG

Die persepsie dat afknou deel is van die "grootword-proses", het verskillende implikasies.
9.1 Die slagoffer is onwillig om ouers / onderwysers hieroor in te lig.
9.2 Die slagoffer vrees weerwraak van 'n boelie / bullebak as hy / sy inligting aan die ouers / onderwysers oordra.
9.3 Sommige leerlinge voel dat hulle in staat behoort te wees om die probeer self te hanteer.
9.4 Sommige leerlinge het die persepsie dat opvoedingsintervensie die slagoffer se situasie sal vererger.
9.5 Boelie is soms so subtiel dat dit moeilik is om te verwoord / identifiseer.
Bogenoemde lei daartoe dat onderwysers en ouers onbewus is van die vlakke van boelie waaraan die leerlinge blootgestel is. Fisiese afknou vind veral tussen seuns plaas, terwyl verbale afknou veral tussen dogters plaasvind.

10. REDES EN GEVOLGE VAN BOELIE

Dit het verreikende implikasies vir die slagoffer:
10.1 vrees skool
10.2 onnodig afwesig
10.3 lae selfbeeld en uiteindelike depressie
10.4 fisiese en emosionele skade
10.5 sosialiseringsprobleme, omdat mede-leerlinge hulle nie met die slagoffer wil assossieer nie
10.6 afwykende gedrag: bed natmaak, ensovoorts
Om mede-leerlinge te boelie, gee aan die bullebak 'n gevoel van mag en "in-beheerwees". Hulle het min empatie met die slagoffer en wanneer iemand die boelie oor sy gedrag aanspreek, verdedig hy / sy deur te sê dat hulle slegs reageer op provokasie van die slagoffer. 'n Boelie / bullebak kom gewoonlik uit 'n huis waar aanranding tussen

gesinslede aan die orde van die dag is. Boelies beskik gewoonlik oor 'n goeie selfbeeld. Die slagoffer daarenteen, is gewoonlik 'n angstige, onseker, versigtige leerling met 'n lae selfbeeld en is meestal sosiaal geïsoleerd.

11. DIE ROL VAN ONDERWYSERS

Uitkoms Akademie aanvaar nie boeliegedrag oor 'n breë spektrum heen as 'n normale gedragspatroon nie en die personeel moet hierdie gedrag onmiddellik aan die skoolhoof rapporteer. Ons glo dat elke leerling in 'n veilige skoolmilieu onderrig mag ontvang. Opleiding om opvoeders te bemagtig om boelie te identifiseer, is van essensiële belang. Onderwysers sukkel dikwels om te onderskei of leerlinge besig is om mekaar af te knou en of hulle besig is om net te speel / te terg. Opleiding is belangrik om onderwysers te help om ingeligte besluite te neem wanneer hulle konfliksituasies waarneem.

Aksentueer die rol van die onderwyser binne die boeliesituasie as volg:

11.1 onderwysers as slagoffer van boeliegedrag

11.2 ontwrigtende gedrag deur die leerlinge in die klaskamer

11.3 uittartende gedrag buite en binne die klaskamer

11.4 persoonlike opmerkings oor onderwysers

11.5 beskadiging van onderwyser se eiendom

Deel van bogenoemde anti-normatiewe gedrag deur die leerlinge, is om die onderwysers se gesag te ondermyn. Gevalle waar onderwysers aangerand is of aan seksuele teistering blootgestel is, is alombekend. Die ondersteuning van kollegas en drastiese optrede van die skoolhoof / bestuur is in hierdie gevalle ononderhandelbaar.

12. ONDERWYSERS WAT LEERLINGE VIKTIMISEER

Onderwysers kan direk verantwoordelik gehou word vir die skending van kinderregte. Volgens die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se gedragskode, moet onderwysers:

12.1 gesag met empatie uitoefen

12.2 enige vorm van vernedering vermy

12.3 hulle weerhou van seksuele teistering

13. STRATEGIEë OM BOELIE AAN TE SPREEK

(Sien Veiligheidsbeleid)

Dit bly die verantwoordelikheid van die skool om goeie dissipline en gedrag onder die leerlinge te vestig en veral toe te sien dat die leerlinge in 'n veilige omgewing onderrig kan ontvang. Dit is belangrik om alle belangegroepe te betrek om 'n gesonde en veilige skoolklimaat te vestig waar onderrig sinvol kan plaasvind.

13.1 Die rol van die skool

13.1.1 betrek ander belangegroepe

13.1.2 vestig 'n gesonde kommunikasiekanaal tussen die onderwysers en die ouers

13.1.3 skakel ongesonde kompetisie / wedywering tussen leerlinge uit

13.1.4 tree onmiddellik op tydens 'n konfliksituasies en luister met empatie wat beide partye sê

13.1.5 duidelike skoolreëls moet boelie verbied

13.1.6 voer ernstige gesprekke met die boelie, die slagoffer en hul ouers

13.1.7 moedig klasmaats aan om die konfliksituasie voortydig onder die aandag van die onderwyser te bring

13.1.8 beklemtoon deugde (bv vriendskap)

13.1.9 tree streng op, na oorlegpleging van beide partye en hul ouers

13.1.10 beoefen "Whole school approach", waar elke onderwyser en ouer verantwoordelikheid aanvaar om boelie uit te roei

16. SAMEVATTING

Dit is 'n universele probleem wat dringend aandag van alle belanghebbendes verg.
Boelies of bullebakke kan die vermoë van leerlinge, om sosiaal en akademies te vorder, ernstig kortwiek. Uitkoms Akademie kan 'n veilige skoolklimaat skep deur alle belangegroepe te betrek om boelie stop te sit.

11. BRONVERWYSINGS

De Wet, C, 2005
Skoolveiligheid en misdaadbekamping: Die siening van 'n groep Vrystaatleerders en opvoeders. South African Journal of Education, 23 (2); 83 - 85
Du Plessis, PJ, 2007
Bullying in schools: Can we turn the tide? International Conference on learner discipline, 42 - 57

OPGESTEL DEUR: Mev S Meijer DATUM: Februarie 2013

HERSIEN DEUR: Mev S Meijer DATUM: Maart 2014

HERSIEN DEUR: Me M Badenhorst, Mnr ET Du Plessis

DATUM: Junie 2020

HANDTEKENING: _____

Mnr Du Plessis

HANDTEKENING: _____

Me M Badenhorst

KENNISNAME VAN BELEID: AFKNOUERY EN TEISTERING (BOELIE)

Alle personeel teken onderstaande nadat u die beleid deurgegaan het as bewys dat u wel in kennis gestel is van beleidsveranderinge en / of nuwe beleid. Dit is 'n maatreël om uself te beskerm.

NAAM VAN BELEID: AFKNOUERY EN TEISTERING (BOELIE)

Datum	Naam	Handtekening

Uitkoms Akademie

BELEID: AFKNOUERY EN TEISTERING

BOELIE: NAAM & VAN:	
BOELIE: GRAAD:	
SLAGOFFER: NAAM EN VAN:	
SLAGOFFER: GRAAD:	
DATUM VAN OORTREDING:	
NAME VAN GETUIES:	
NAAM VAN ONDERWYSER:	

BESKRYWING VAN GEBEURE:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

_____ _____

HANDTEKENING ONDERWYSER DATUM